higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 2

(5030042)

22 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:30

Sakrekenaars mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2½ UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die intelligensiekwosiënt van 'n gemiddelde mens is tussen ...

A 9–109
B 130–139
C 70–90
D 140+

1.1.2 Die volgende is 'n kenmerk van 'n begaafde kind:

A Verloor dikwels hul besittings
B Is dikwels ongeduldig
C Vra baie vrae
D Het 'n kort aandagspan

1.1.3 'n Voorbeeld van fynmotoriese ontwikkeling:

A Om deur 'n tonnel te kruip
B Om 'n aktiwiteit met 'n spykerbord te doen
C Om met 'n springtou te spring
D Om op 'n klimtoestel te klim

1.1.4 ... is 'n voorbeeld van morsige spel.

A Wegkruipertjie
B Boublokke
C Waterspel
D Fantasiespel

1.1.5 Begaafdheid kan gediagnoseer word deur ...

A 'n sielkundige.
B die ouer.
C 'n fisioterapeut.
D die opvoeder.

1.1.6 Die term *sosioëkonomies* verwys na ...

A kreatiwiteit.
B genetiese eienskappe wat ons oorerf.
C die beeld wat jy van jouself het.
D maatskaplike en finansiële omstandighede.

Kopiereg voorbehou

1.1.7 'n Leergestremde kind ...

A se intellektuele vaardighede is ondergemiddeld.
B is meer aktief as normaal.
C vertoon swak higiëne.
D sukkel om inligting te memoriseer.

1.1.8 'n 'Voelsakkie' ontwikkel die kind se ... persepsie.

A ouditiewe
B visuele
C visuele geheue
D taktiele

1.1.9 Ruimtelike oriëntasie beteken ...

A die vermoë om die ruimte om die liggaam te verstaan.
B die vermoë om oor die vertikale middellyn van die liggaam te loop.
C die bewustheid van elke kant van die liggaam.
D die vermoë om op jou tone te staan.

1.1.10 'Sien die verskil raak' ontwikkel die kind se ... persepsie.

A taktiele
B ouditiewe
C visuele
D ouditiewe geheue

(10 × 1) (10)

1.2 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

1.2.1 ... help die educarer/opvoeder in haar beplanning.

1.2.2 Tydens ... spel speel kinders naas mekaar met min interaksie.

1.2.3 Slegs ... speel met poppe en seuns speel met vragmotors. Dit is 'n voorbeeld van stereotipering.

1.2.4 Kinders leer deur middel van ...

1.2.5 Goeie ... is deel van fisieke ontwikkeling en 'n kind kan help om middagete te maak.

1.2.6 Ons sintuig vir ... word ontvang deur middel van miljoene reseptore wat ons hele liggaam bedek.

1.2.7 Kinders moet ... wees om hulself op hul eie manier uit te druk.

Kopiereg voorbehou

1.2.8 Die korrekte ... is noodsaaklik om kinders met spesiale behoeftes te help en is onontbeerlik in die klaskamer waar daar inklusiewe praktyk is.

1.2.9 Kultuur is 'n stel ... vir gedrag in 'n sekere samelewing.

1.2.10 Natuurlike geboorte vind via die ... kanaal plaas.

(10 × 1) (10)

1.3 Kies 'n item uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Oudioloog	A	die kind kom lui voor
1.3.2	Optometris	B	meet gehoorvlakke
1.3.3	Sielkundige	C	ontwerp programme om motoriese en perseptuele vaardighede in kinders
1.3.4	Arbeidsterapeut		
1.3.5	Oftalmoloog	D	diagnoseer en korrigeer visuele defekte
1.3.6	Pediater	E	behandel fisieke probleme met oefening
1.3.7	afasie/spraakloosheid		
1.3.8	Perseptuele probleme	F	onvermoë om woorde behoorlik te herken
1.3.9	Hipoaktiwiteit	G	mediese dokter wat emosionele probleme behandel
1.3.10	Disleksie		
		H	kan nie behoorlike spraak voortbring nie
		I	spesialiseer in behandeling van kinders
		J	meet sig en skryf brille voor
		K	kan nie verskille tussen prente sien nie
		L	behandel afwykings van die skelet

(10 × 1) (10)

1.4 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.4.1 Om kinders van speelgoedtelefone te voorsien is 'n uitstekende manier om spontane spraak te stimuleer.

1.4.2 Daar is geen stigma aan MIV/VIGS gekoppel nie.

1.4.3 Die educarer/opvoeder moet die kinders se kulturele omgewing in ag neem wanneer 'n fantasiespel-area beplan word.

1.4.4 'n Kind se omgewing kan sy/haar kognitiewe ontwikkeling beïnvloed.

1.4.5 Dit is normaal vir 'n kind om vrees te ervaar. Hulle moet toegelaat word om daaroor te praat.

1.4.6 Geslagsvooroordeel kan ook seksisme genoem word.

1.4.7 Kinders behoort te alle tye in 'n KKO-omgewing aan 'n teenvooroordeelbenadering blootgestel te word.

1.4.8 As jy 'n goeie geheue het, is dit aanvaarbaar om jou waarnemings te memoriseer in plaas daarvan om dit neer te skryf.

1.4.9 Om diversiteit te waardeer, beteken om verskille te aanvaar en te respekteer.

1.4.10 'n Speelding is enigiets wat 'n kind se belangstelling wek.

(10 × 1) (10)

1.5 Gee EEN woord of term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord of term uit die onderstaande lys te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

amniotiese vloeistof; 1ste trimester; pasgeborene; buisswangerskap; serviks; vernix; groei; 2de trimester; plasenta; naelstring; kraam; kolostrum; fetusdons; miskraam; embrio

1.5.1 'n Swangerskap wat in die Fallopius-buis ontwikkel

1.5.2 Die vloeistof wat die baba omring terwyl hy/sy in die baarmoeder is

1.5.3 'n Gelerige vloeistof wat ryk aan teenliggaampies is wat voor en ná die baba se geboorte deur die melkklier afgeskei word

1.5.4 Die verlies van 'n baba se lewe voor normale geboorte

1.5.5 Hoe die baba van geboorte tot op twee weke bekend staan

1.5.6 Die proses waardeur 'n baba in die wêreld gebring word

Kopiereg voorbehou

1.5.7 Die nekagtige struktuur aan die onderpunt van die baarmoeder

1.5.8 Die moeder se weefsel wat 'n baba voor die geboorte voed

1.5.9 Dit is 'n natuurlike en geleidelike proses wat nie geforseer kan word nie

1.5.10 Swangerskap van 13 tot 24 weke

(10 × 1) (10)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

Beantwoord AL die vrae in AFDELING B.

VRAAG 2

2.1 Verduidelik die volgende terme:

2.1.1 Breinbedrading (3)

2.1.2 Voorgeboortelike sorg (3)

2.2 Noem die DRIE sosiale stadiums van spel. (3)

2.3 Verduidelik kortliks die volgende kategorieë van spel en gee TWEE voorbeelde van elk.

2.3.1 Fisieke aktiewe spel (2 × 2) (4)

2.3.2 Manipulerende spel (2 × 2) (4)

2.4 Een van die vereistes vir 'n speelding is dat dit veilig en duursaam moet wees.

Bespreek VIER veiligheids- en duursaamheidseienskappe wat 'n educarer/opvoeder in gedagte moet hou wanneer speelgoed gekoop en gemaak word. (4 × 2) (8)
[25]

VRAAG 3

3.1 Die kind speel buite met 'n bal.

Hoe word die volgende tydens hierdie en ander soortgelyke aktiwiteite ontwikkel?

3.1.1 Grootmotoriese beweging

3.1.2 Fynmotoriese beweging

3.1.3 TWEE tipes koördinasie

(3 × 2) (6)

Kopiereg voorbehou

3.2 Volgens Jean Piaget is daar VIER stadiums van kognitiewe ontwikkeling. Die eerste stadium is die sensomotoriese stadium.

Verduidelik in volsinne die aktiwiteite wat jy met 'n baba kan doen om die bogenoemde stadium te ontwikkel. (3)

3.3 Skryf DRIE eienskappe neer wat 'n tweejarige peuter vertoon wat deur die educarer/opvoeder waargeneem kan word. (3 × 2) (6)

3.4 Hoe ontwikkel manipulerende spel die sosiale en emosionele waarde van kinders? (2 × 2) (4)

3.5 Waarvoor staan FAS? (2)

3.6 Noem TWEE maniere waarop 'n negatiewe selfbeeld die ontwikkeling van 'n kind op 'n vroeë leerstadium kan beïnvloed. (2 × 2) (4)

[25]

VRAAG 4

4.1 Identifiseer uit die illustrasies hier onder die verskillende leerstyle.


4.1.1



4.1.2



4.1.3



(3 × 1) (3)

4.2 Gee TWEE voorbeelde waarop vyf- tot sesjariges tegnologie kan gebruik om te leer. (2 × 2) (4)

4.3 'Suid-Afrika is 'n diverse/uiteenlopende samelewing.'

Verduidelik hierdie stelling. (2 × 2) (4)

4.4 Begaafde kinders is slimmer en het spesifieke talente.

4.4.1 Gee VYF riglyne wat kan help om 'n begaafde kind in 'n klaskamer te identifiseer. (5 × 1) (5)

4.4.2 Bespreek die rol van die educarer/opvoeder of 'n praktisyn in die klaskamer. (5 × 1) (5)

4.5 Onafhanklikheid speel 'n belangrike rol in die lewe van 'n kind met gestremdhede.

Skryf vaardighede neer wat die educarer/opvoeder aan kinders kan leer om onafhanklikheid in hul daaglikse lewe te ontwikkel. (4)
[25]

VRAAG 5

5.1 'n Afname in die inname van kalorieë deur 'n baba kan veroorsaak word deur armoede wat tot onvoldoende toegang tot voedsel lei.

Hoe kan armoede die ontwikkeling en groei van jong kinders beïnvloed? (3 × 1) (3)

5.2 Verduidelik kortliks waarom borsvoeding 'n belangrike rol in die ontwikkeling van 'n pasgebore baba speel. (2)

5.3 Gee 'n voorbeeld van die volgende vorms van diskriminasie:

5.3.1 Geslagsdiskriminasie

5.3.2 Taaldiskriminasie

(2 × 2) (4)

5.4 Stel VYF maniere voor waarop mev Zweni 'n multikulturele benadering in die klaskamer kan skep. (5)

5.5 Noem VIER maniere waarop 'n baba kommunikeer. (4)

5.6 Definieer die term *hele kind*. (2)

5.7 Verduidelik hoe 'n bandopnemer in die klaskamer vir die ontwikkeling van 'n kind gebruik kan word. (5)
[25]

TOTAAL AFDELING A: 50
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou